www.cbmc.co.za

# Weeklikse Inligting

**15 SEPTEMBER 2025**

## Jesus se vierpuntplan vir Evangelisasie

Verlede week het ons die vrae *Wat maak ons hier? Waarmee moet ons onsself besig hou?* gevra.

Ons het onder andere na Lukas 10 verwys. Kom ons kyk vandag verder na Lukas 10 en leer by Jesus hoe Sy plan vir Evangelisasie lyk.

In Lukas 10:5-9 het Jesus bepaalde opdragte aan Sy dissipels gegee. Wat is hier die 4 hoofopdragte?

1. Lukas 10:5-6 ____________________________________________________________
2. Lukas 10:7-8 ____________________________________________________________
3. Lukas 10:9a ____________________________________________________________
4. Lukas 10:9b ____________________________________________________________

1. Spreek vrede, want meeste van ons is in oorlog met die ongeredde mense. Ons hou nie van wat hulle doen nie, en veroordeel hulle. Ons wys dit maklik met ons houding teenoor hulle. Dink aan die bedelaar by die straathoek of by jou voorhek. Jesus het bekend gestaan as 'n vriend van die sondaars. Hy het hulle nie veroordeel nie, maar gehelp. As Hy hulle vriend was, hoe kan ons hulle vyand wees? Hoe kan ek die evangelie met hulle deel as ek hulle veroordeel? Die meeste van die tyd wil ons hê Hy moet die sondaars vernietig. Johannes 3:17 sê dat "*God Sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word*".

As ons vrede spreek, Shalom, breek ons die krag of houvas wat die bose oor hulle het. Seën is meer kragtig as vloek, want seën breek vloek.
Ons maak hulle oë oop as ons vrede spreek. So as jy met iemand wil deel, moet jy eers vrede maak in jouself en vrede hê oor die persoon met wie jy gaan werk, en dan vrede spreek oor die persoon om sy oë oop te maak.
Vrede is iets wat jy kan voel, en jy sal weet of jy vrede in die situasie ervaar as jy vrede gespreek het.

2. Begin om vriende te maak. Bou die verhouding. Spandeer tyd met die persoon. As jy nie bereid is om vriende te maak met die persoon nie, los dit liewer. In hierdie vriendskap sal jy hoor wat die persoon se uitdagings en probleme is. Jy moet luister met empatie.

3. Bid vir die persoon se probleme. Bid saam met die persoon vir sy of haar probleem of uitdaging. God wil hierdie gebede verhoor, want Hy wil hê dat hierdie persoon gered word.

4. Deel die evangelie. Op hierdie punt gaan die deur oop om die evangelie met die persoon.

| KALENDER | | |
|---|---|---|
| 03 Okt | Skole Sluit | |
| 06 – 07 Okt | CBMC Nasionale Konferensie - **https://forms.gle/VT5V8fm7x3SndAyy6** | Stellenbosch |
| 13 Okt | Skole Open | |
| 10 – 19 Okt | CBMC Helderberg Gebedsfees | Strand |
| 23 Okt | Noordelike Voorstede Gholfdag | Kuilsrivier |

*CBMC SA Nasionale Konferensie 2025*

**Datum: 06 – 07 Oktober 2025**
**Plek: Protea Hotel Tegnopark, Stellenbosch**
**Tema: Lei Soos Jesus**

**VERJAARDAE**

**SEPTEMBER**

15 Philip Erasmus (Weskus), Ernest Oliver (Helderberg)
16 Schalk Basson (Noordelike Voorstede), Johan Muller (Suidelike Voorstede)
17 Ernst Labuschagne (Helderberg)
18 Estelle Joubert (Gauteng)
19 Leon Groeneveld (Helderberg)
20 Gerrit Le Roux (Boland)
21 Daan De Wet (Noordelike Voorstede), Robby Dreyer (Helderberg), Theuns Matthee (Helderberg)

CBMC Bankbesonderhede:
Rekeninghouer: CBMC Bank: FNB
Rekeningnommer: 6236 1233 176
Takkode: 250655 - Willowbridge
info@cbmc.co.za

Die WhatsApp-nommer vir die CBMC-kantoor is 061 621 4668.

Snap here to pay
SnapScan

Adres:
Edwardstraat 134
Bybelhuis, 1ste Verdieping
Bellville 7530